

**Saterdag 29 Oktober**

**Skrifgedeelte: Galasiërs 5:2-12**

**Fokusgedeelte: Galasiërs 5:6**

**Geloof gaan deur liefde oor tot dade**

Ons het gister gestop met die vraag of jou geloof tot dankbaarheid lei. As 'n boom se wortels (geloof) reg is, dan is daar vrugte (goeie werke). Die teenoorgestelde is sekerlik ook waar, as daar nie vrugte (goeie werke) is nie, dan is die boom se wortels (geloof) nie reg nie.

In die kerk in Galasië was die stryd duidelik: Is die besnydenis nog belangrik of nie? En dit was nie 'n strydpunt omdat die gemeente sommer net dwars wou wees nie. Hulle wil graag gehoorsaam wees aan God, en daarom dat hulle wonder of hulle nog hierdie dinge van die Ou Testament moet doen. Paulus beantwoord die gemeente se probleem, en skryf nee, dit behoort tot die dinge wat verby is. In Christus is die wette nie meer van belang nie. Wat nou belangrik is, is geloof wat in liefde tot dade oorgaan. Met ander woorde – as die gemeente aan God gehoorsaam wil wees, dan moet hulle hul geloof lewe. Dit is die wese van die Christelike godsdiens, skryf Paulus in Romeine 12.

Ons kan so maklik sê ons is uit genade gered – maar ons mag nooit daar stop nie. Juis omdat ons uit genade gered is, moet God se liefde ons dring om ons geloof uit te lewe. Om die liefde wat ons van God deur Christus ontvang het, uit te straal aan almal wat om ons is.

Mag jou lewe elke dag een groot getuienis wees, en mag jou lewe net een ding uitspel: Dankie, Here!

*Sing: Psalm 100-1:1*

*Ds. DG Zwemstra (Dinant) (Strand)*